Les 9 Simson

Kernboodskap
God maak ons sterk!

Aanvangsaktiwiteit
Kom ons kyk bietjie wie van ons is die sterkste! Wie van julle gaan wen as julle arm druk? Kry gou 'n maatjie teen wie jy gaan armdruk. Ek tel tot 3, dan kyk jy of jy die maatjie se arm kan platdruk, maar moenie mekaar seermaak nie! Wie van julle weet van 'n man in die Bybel wat so sterk was dat hy 'n hele gebou in mekaar laat val het toe hy die pilare omgetrek het?

Skriflesing
Rigters 13 *dieBybel@kinders* bl.266-267

Wat kan ons hieruit leer?
Simson was daardie sterk man! Hy het lang hare gehad, en hy was groot en baie baie sterk! Om baie sterk te wees en swaar goed op te tel en baie groot spiere te hê is nie AL hoe God ons kan sterk maak nie. Ons kan sterk wees deur uit te hou as ons moeg is, nie kwaad te word as iemand ons ontstel nie, of selfs om ander mense wat hartseer is, te help. Dit is van die baie maniere wat God ons help om sterk te wees. Daarom kan ons almal weet dat God se sterk krag binne ons is. Dit sit dalk nie in ons spiere nie, maar in ons harte.

Kom ons bid saam....
Liewe Jesus. Dankie dat U my sterk gemaak het. Help my om my krag te gebruik om net goed te doen. Amen.

Slotaktiwiteit
Kleur die prent van Simson in.

Riglyne vir die groepleier

Jy gaan die volgende benodig vir hierdie lessie!

- dieBybel@kinders
- Uitdraaikryte of inkleurpotlode

aktiwiteit 9

Die sterk man

Kleur vir Simson op jou mooiste in!



tuis opdrag

Gesels oor maniere hoe mens kan sterk wees as jy God in jou hart het.